DEEL 117 | WEEK 29 | 18 JULIE 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# VRYSTAATSE MUNISIPALITEITE SE FONDSE KAN OPGESKORT WORD



Die minister van finansies oorweeg om voorwaardelike toekennings aan 11 munisipaliteite in die Vrystaat, insluitend Ngwathe, te weerhou weens aanhoudende finansiële wanbestuur. Munisipaliteite soos Ngwathe, Matjhabeng en Masilonyana skuld miljoene rande aan Eskom, Rand Water en ander diensverskaffers, met onvoltooide begrotings en voortdurende wanbetalings. Ngwathe, insluitende dorpe soos Heilbron, Parys, Koppies, Edenville en Vredefort, is reeds onder hofbevel en administrasie geplaas. Die Bloemfontein Hooggeregshof het op 20 Junie beslis dat die gemeenteraad ontbind word en 'n administrateur aangestel word weens finansiële ineenstorting en herhaalde diensleweringsfoute. Die Provinsiale Tesourie het ook Ngwathe se begroting vir 2025/26 verwerp, met 'n tekort van R1,5 miljard en 'n eis vir onrealistiese 100 % invorderingsyfer. Volgens die Ouditeur-Generaal is munisipaliteite soos Masilonyana en Mangaung op die rand van ineenstorting weens swak dienslewering, onderbesteding van toekennings en swak skuldinvordering. In Masilonyana is begrotingseise nie ingedien nie, wat dui op 'n totale gebrek aan verantwoordelikheid.

Alhoewel Ngwathe onder provinsiale toesig geplaas is, kla inwoners in Heilbron steeds oor swak dienslewering. Vullis verwydering versuiming, wat volgens verwagting elke week moet plaasvind, gebeur nou ook nie meer gereeld nie — soms kom die vragmotor net een week, dan nie weer nie. Daar was in Junie Maand drie weke wat Vullis nie verwyder was nie, en inwoners steeds die Minisipaliteit moes betaal vir daai dienste, hoewel daar geen diens gelewer was nie "Ons staan met hoop dat dinge verbeter, maar die realiteit laat ons met hoop en verwagting wat keer op keer teleurgestel word," sê 'n inwoner.

Gemeenskapsleiers sê planne moet meer insig gee in hoe geld aangewend word – nie net eindig by administrasie of produkinhouding nie. "Waar is die aanspreeklikheid? Daar moet jaarlikse aanspreeklikheidsverslae en tred gehou word dat fondse verantwoordelik gespandeer word," sê 'n kritikus .

Hier is die 11 munisipaliteite wat onder finansiële waak geskuif is:

1. Ngwathe, 2. Matjhabeng,
3. Maluti-A-Phofung, 4. Kopanong,
5. Letsemeng, 6. Mohokare,
7. Masilonyana, 8. Nketoana,
9. Phumelela, 10. Mafube, 11. Naledi

Die minister van finansies en die Vrystaatse provinsiale owerhede beraam tans of voorwaardelike toekennings aan hierdie munisipaliteite opgeskort moet word. Premier MaQueen Letsoha-Mathae het 'n veldtog begin om korrupsie en wanbestuur in diens te keer en 'n nuwe era van aanspreeklikheid te bevorder.

Een ding is seker: Inwoners in die Vrystaat kyk na 'n onseker toekoms. Terwyl fondse onder die loep is en hul munisipaliteite in hofbestuur beland, hang die hoop op meer gereelde dienste soos vullisverwydering, water en riool onder toesig deur provinsiale en nasionale owerhede. Die komende weke en maande sal beslis of regmatige aanspreeklikheid en vasberade hervorming sou lei tot beter leefomstandighede – of net nuwe politieke verhoogspel sal bring.









# Bevestigde Geval van Bek-en-Klouseer in die Vrystaat

Vrystaat Landbou (VL) neem met kommer kennis van die bevestigde uitbreking van Bek-en-Klouseer (BKS) in die Moqhaka Plaaslike Munisipaliteit, binne die Kroonstad Staatsveeartsenykundige gebied.

Volgens 'n verklaring wat op 14 Julie deur die Nasionale Departement van Landbou uitgereik is, is die besmette eiendom op 8 Julie onder kwarantyn geplaas, met onmiddellike beheermaatreëls wat deur provinsiale owerhede geïnisieer is. Dit sluit in toesig, inenting en voortgesette naspeurondersoeke om die bron en potensiële verspreiding van die siekte te bepaal. Plase binne 'n radius van 10 kilometer word tans gemonitor.

VL spreek sy waardering uit teenoor die provinsiale veeartsenykundige dienste en relevante owerhede vir hul vinnige reaksie en proaktiewe maatreëls. "Ons wag op verdere amptelike kommunikasie van die Vrystaatse Departement van Landbou rakende inperkingsprotokolle en implikasies vir die breër landbousektor," het dr. Jack Armour, kommersiële bestuurder van VL gesê.

VL het proaktief 'n toegewyde BKS WhatsApp-kommunikasiegroep gestig, wat vinnige koördinering tussen bedryfsleiers oor die waardeketting van gesplete hoefvee moontlik maak. Hierdie platform sal nou gebruik word om vinnig 'n Gesamentlike Operasiesentrum (GOS) te mobiliseer indien nodig.

Met voortdurende uitbrake wat in naburige provinsies aangemeld is, het die Vrystaat tot dusver bek-en-klouseervry gebly. Friedl von Maltitz, vise-president van VL en ook veeboer, meen die huidige ontwikkeling is "'n beduidende ekonomiese terugslag vir die betrokke boere en hul onmiddellike bure, sowel as vir die hele Vrystaatse veebedryf wat werk om aan nasionale en uitvoerstandaarde te voldoen."

Teen Julie 2025 het Suid-Afrika 270 bek-en-klouseer-uitbrake oor vyf provinsies aangeteken.

Gegewe die omvang van die nasionale bedreiging, doen VL 'n dringende beroep op alle veeprodusente in die Vrystaat om waaksaam te bly en biosekuriteitsprotokolle streng te implementeer. Die beste verdedigingslinie bly voorkoming op plaasvlak en volle nakoming van uitgereikte regeringsregulasies.

Regeringskennisgewing nr. 52868, uitgereik op 13 Junie 2025 in ooreenstemming met die Wet op Dieresiektes (35/1984): Beheermaatreëls met betrekking tot beheerde siektes van gesplete hoefdiere, bepaal

• Verpligte dokumentasie vir die beweging van beeste, skape en bokke;
• Streng biosekuriteitsmaatreëls vir vee-byeenkomste (veilings, skoue, ens.);
• Volledige naspeurbaarheid en rekordhouding deur middel van tatoeëermerke, handelsmerke, AIDA-sertifikate en GPS-gekoppelde oorsprongbesonderhede;
• Gebruik van Artikel 6- en Artikel 8-vorms vir bewegings- en vervoerverifikasie.

VL gaan voort om die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) te help met die opstel van klagstate vir veevervoerders wat hierdie regulasies oortree.

Artikel 6- en 8-vormboeke, gesondheidsverklaringstemplate en verwante gereedskap is beskikbaar by die VL-kantoor en kan gegenereer word deur AIMS en soortgelyke bestuursagteware. Ons moedig produsente aan om ten volle gebruik te maak van hierdie stelsels.

Hierdie uitbraak is 'n herinnering dat die beskerming van dieregesondheid 'n gedeelde verantwoordelikheid is. VL doen 'n beroep op alle boere, veeartse, afslaers, vervoerders en ander belanghebbendes om waaksaam te bly, ten volle met owerhede saam te werk en enige tekens van siekte onmiddellik aan te meld.

VL sal verdere opdaterings verskaf soos nuwe inligting beskikbaar word. "Ons bly daartoe verbind om ons lede en die hele Vrystaatse veesektor deur hierdie uitdaging te ondersteun." sê Von Maltitz.

**Woordvoerders:**
Friedl von Maltitz
Vise-president, Vrystaat Landbou
083 462 7476
Dr. Jack Armour
Kommersiële Bestuurder,
Vrystaat Landbou
071 672 0271 / jack@vslandbou.co.za
Kommunikasiebeampte: Elana Bester
082 643 9875 / elana@vslandbou.co.za

## The South African Police Service (SAPS) urges farmers and livestock owners to implement the following safety tips to help prevent stock theft:

Ensure all fences and gates are in good condition and regularly maintained.

• Promptly repair any holes in or under fences.
• Personally inspect livestock rather than relying solely on employees.
• Secure "*kraal*" or enclosures where animals are kept.
• Be especially vigilant during full moons, weekends, month-ends, and other high-risk periods.
• Get to know your neighbours.
• Conduct regular livestock counts—at least once per week.
• Maintain an up-to-date and thorough stock register.
• Brand livestock in accordance with the Animal Identification Act, 2002 (Act No. 6 of 2002). Visit the SAPS Stock Theft Unit to obtain branding application forms.
• Consider installing CCTV cameras and other security technologies.
• Make use of community helplines established in partnership with SAPS, farmers' unions, and local communities.



• Immediately report unfamiliar animals or suspicious individuals at grazing or kraal sites to SAPS and your neighbours.
• Avoid employing undocumented individuals. Ensure all employees are properly vetted and documented to assist with investigations if necessary.

Members of the public with information on illegal StockTheft activities are urged to contact the SAPS Crime Stop number on 08600 10111, via the MySAPSApp, or report directly to their nearest Stock Theft Unit.

# UIT DIE PEN: Week 29

Ek is ingeskryf by een van ons grootste koerantgroepe. Ek probeer elke dag bybly met die gebeure wêreldwyd en ook in ons land. Ek weet van baie mense wat nie meer koerante lees nie, want daar is net moord en doodslag wanneer jy begin lees. Wat heeltemal waar is.

Daar was 'n vliegtuig wat in Indië geval het en ongeveer 244 mense het omgekom. Jy kon die hele video daarvan op die koerant se platform sien. Wat ek altyd effens amusant vind, is dat daar iemand naby was wat die vliegtuig kon afneem. Het die persoon toevallig die vliegtuig gesien of het hy dalk iets anders afgeneem en het die vliegtuig toe sy aandag getrek? Nugter sal weer.

Dan is daar iemand wat binne-in 'n klomp mense, wat doodluiters op die sypaadjie gesit en eet het, met 'n kar inbars en 'n paar van hulle laat sterf.

Iemand hardloop met 'n mes by 'n skool in, en steek 'n paar kinders en onderwysers.

Daar is aanklagte teen ministers. (Ek dink nie die luitenant-generaal van KZN sou enigsins sulke uitlatings gemaak het as hy nie seker was van sy feite nie. Ek wonder egter hoekom hy 'n perskonferensie hou met ten minste vier gewapende mansskappe by hom? Almal met maskers oor hulle gesigte. Is hy bang? Ek sou ook gewees het as ek hy was.)

Onthou julle vir Babita Deokaran? Sy het destyds die fluitjie geblaas oor korrupsie by die Gautengse Departement van Gesondheid. Sy het uitgepraat oor betalings wat nie reg gelyk het nie, of onreëlmatige en ongemagtigde betalings. In Augustus 2021 is sy egter buite haar eie huis doodgeskiet. Die koerante het vertel van "hit-style killing."

Nou wonder ek hoekom iemand haar sal doodmaak nadat sy al die feite bekend gemaak het? Watter gevaar het sy nog ingehou?

Ek wonder of die luitenant-generaal darem ekstra beskerming het?

Want ek weet hoe dit voel om 'n fluitjieblaser te wees.

Ons was drie wat dit agtergekom het: hoe onreëlmatige betalings plaasgevind het. Ons het eers na afloop van die hele ondersoek, en toe die stof gaan lê het, agtergekom dat ons drie was.

Elkeen van ons het, sonder dat die ander een dit weet, die bedrog gaan uitwys. Die mense met wie ons gepraat het, het dadelik gesê dat ons nou "fluitjieblaserstatus" het. Hulle het ook 'n WhatsApp en 'n brief gestuur waarin dit uiteengesit is. Dat ons altyd beskerm sal word en hoe vreeslik hulle die inligting waardeer. Daar sal 'n ondersoek gedoen word, maar die inligting wat ons bekend gemaak het, sal altyd anoniem bly.

Toe nou nie.

'n Paar weke daarna kry ons elkeen 'n brief wat verduidelik hoekom daar gedink word dat ons deel was van die korrupsie. En daarmee saam word die fluitjieblaserstatus van ons afgeneem.

Die forensiese ouditeur het ons ondervra, male sonder tal. My een kollega moes 'n leefstyloudit ondergaan. Sy is een middag vroeg huis toe. Voor haar huis moes sy 'n WhatsApp video-oproep maak, van die oomblik wat sy uit haar motor klim, totdat sy by die laaste hoekie van haar huis was.

Sy moes alles wys. Haar koskaste oopmaak, klerekaste oopmaak, skoene wys, haar sitkamermeubels en TV, die stoof en mikrogolfoond en die yskas. Ook die inhoud van haar garage. Daar is gekyk waar die geld vir haar motor vandaan gekom het.

*Pretty invasive*, sou ek sê.


Die ander kollega moes op 'n mooi dag 'n dokument onderteken waar sy al haar elektroniese toerusting sal ingee vir ondersoek. Die dokument het nie 'n briefhoof gehad nie, en daar was geen ander besonderhede op die dokument nie. Sy het geweier om dit te doen.

Toe begin die groot poppe dans.

Een oggend stap die maatskappy se prokureur, 'n raadgewende prokureur en die *Sheriff* by ons kantore in. Vyf van ons word ingeroep na die raadsaal.

Daar kry ons elkeen 'n Anton Piller-bevel. Hierdie bevel word uitgereik deur die hof om die ondersoeker te magtig om die vermeende bedrieërs se perseel te betree en om, sonder enige vooraf kennisgewing, bewysstukke te vat. Hierdie bewysstukke is gewoonlik enige iets wat die vermeende bedrieërs dalk kan vernietig.

Ons moet ons rekenaars en selfone inhandig. Ek is gemaklik daarmee om my rekenaar in te handig, want dit is die werk se eiendom. Maar my selfoon is my eie. Dadelik dink ek aan twee keuses: staan dit teë en ons sien mekaar dalk in die hof, met 'n hele paar rand uit my sak, of handig dit in, want daar sal niks inkriminerends wees nie.



Dis nie al nie. Hulle wil ons karre ook gaan inspekteer. Ek ry nog met my gryse ou pa se Chevvie. Hulle maak die deur oop: haar kyk, sy luister nog CDs, lag hulle. En haar vensters is nie elektries nie. Hulle lag nog lekkerder.

Ek dog ek *flip*.

Dit was drie maande van hel. Drie maande waarin ek gedink het dat ek die regte ding gedoen het om die fluitjie te gaan blaas. Soos ek later agtergekom het, het die ander twee kollegas dieselfde gevoel.

Ek wens vandag dat ek dit anders gedoen het. Ja, jy moet wanpraktyke gaan aanmeld. Dink maar eers mooi daaroor.

Ek wens fluitjieblasers word beter beskerm, selfs gedurende die ondersoek.

Ek wens ons was nie so verneder nie – die hele kantoor het gesien hoe ons ons rekenaars en selfone moes inhandig.

Ek wens daar was nie mense wat oneerlik is nie, mense wat nie steel nie.

En ek wens ek kan daardie mens wat al die geld gesteel het, weer sien. Aanvanklik wou ek met my gryse ou pa se Chevvie bo-oor hom ry. Toe ek dink aan al die skade, het die gedagte my weer verlaat.

Ek wens steeds ek kan die perd in die oë kyk. Maar ek wil net kyk. Totdat hy skaamkry. As hy kan.

# Elzette Slabbert toegelaat as Prokureur van die Hooggeregshof



Op Donderdag, 10 Julie 2025, het Elzette Slabbert 'n belangrike mylpaal in haar regsloopbaan bereik toe sy amptelik toegelaat is as 'n prokureur van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.

Elzette het haar akademiese reis aan die Noordwes-Universiteit (NWU) begin, waar sy eers 'n Baccalaureusgraad in Regte (BA Law) met Sielkunde voltooi het, gevolg deur haar LLB-graad. Dié vyf jaar van toegewyde studie het die grondslag gelê vir haar sukses in die regswêreld.

Ná haar studies het sy haar twee jaar lange praktiese regsopleiding voltooi onder die bekwame leiding van mnr. Jansen by Jansen Prokureurs. Gedurende hierdie tydperk het sy waardevolle ervaring opgedoen en haarself bewys as 'n toegewyde en kundige kandidaat.

As deel van die toelatingsproses het Elzette die vereiste vier professionele eksamens geskryf en met sukses geslaag.

"Ek is baie dankbaar dat ek nou as prokureur by Jansen Prokureurs kan aanbly, waar ek reeds as kandidaatprokureur baie gegroei het," sê sy met trots.

Elzette se prestasie is nie net 'n bewys van haar harde werk en deursettingsvermoë nie, maar ook 'n inspirasie vir jong regstudente wat hul eie pad in die regsberoep wil stap.

# DA calls for intervention on water shortage crisis in Ngwathe

*• Brendan Olivier - DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) in Ngwathe has written to the Municipal Manager, Dr F.P. Mothamaha, to address and take immediate action regarding the ongoing complaints from residents about water shortages.

I visited Vredefort Water Treatment Works on 1 July 2025, following ongoing complaints from residents of De Wet Street.

Despite a healthy 130m³ inflow from the Vaal River, water isn't reaching residents due to low reservoir levels:

• Reservoir 1: 20% • Reservoir 2: 0%

• Reservoir 3: 50% • Reservoir 4 (Mokwallo): Empty and neglected.

The crisis is not due to a shortage of raw water but rather the result of blocked filters, outdated infrastructure, and years of poor maintenance.

Additional findings include a broken pipe and unsecured sump flap, a blocked and unused Reservoir 2, the long-term neglect of the Mokwallo Reservoir, and a vandalised generator that was never connected.

A 7 July 2025 meeting confirmed that only 3.6 million litres per day is produced, just 60% of the 6 million litres needed. Only 3 of 11 boreholes are known to the municipality, and none are connected to the system.

On 11 July, Mokwallo Reservoir was found to be unsecured and empty again. Water trucks fill only 30cm, far from adequate. Pumps sent for repair in December 2024 are still missing, with no contractor contact info on record.

There are now allegations of sabotage to benefit water truck contracts.

The root causes of the crisis include neglect, mismanagement, and a lack of oversight, combined with a lack of urgency and accountability, as well as possible corruption.

The DA demands urgent action:

• Replace sand filters • Repair sump infrastructure

• Reconnect boreholes • Rehabilitate Mokwallo reservoir

• Investigate water truck contracts

Most critically, Reservoir 2, holding 50% of the area's capacity, must be restored immediately.

The DA will continue fighting for a municipality that delivers clean, reliable water to all. Residents deserve better; no more excuses.

# Ons bring Potch na Heilbron toe


'n Paar weke gelede het die Ringerstraat Jeugsorgsentrum die geleentheid gebied om twee studente van Potchefstroom bloot te stel aan die wêreld van jeugsorgsentrums en gesinsgerigte maatskaplike werk. Die twee opgewonde studente, Abigail Rediker en Marlien Smalberger, het vir 'n volle week onder leiding van Mev. Elmarie Els-Hammann hul praktiese ure in die Heilbron-omgewing voltooi.

Hulle het nie net waardevolle kennis opgedoen nie, maar ook nuwe perspektiewe en 'n dieper passie vir hul studierigting ontwikkel. Abigail beskryf haar ervaring as "ongelooflik" en sê: "Dit was wonderlik om met die kinders van Ringerstraat te werk — ek sal beslis weer wil terugkom vir 'n kuiertjie." Marlien voeg by dat die werk wat in die gemeenskap gedoen word, regtig 'n verskil kan maak. Sy voel nou meer gemotiveerd as ooit om haar graad met entoesiasme voort te sit.

'n Maatskaplike werker is soveel meer as net 'n hulpverlener — hulle is vertroosters, sielkundiges, beskermers, en soms selfs omroepers, speurders en fondsinsamelaars. Wat dikwels oor die hoof gesien word, is dat hulle nie net hul eie laste dra nie, maar ook dié van elke kliënt, versorger en oortreder. Dit verg empatie sonder om oorweldig te word — 'n ware "superpower".

Abigail en Marlien meen hulle het nog baie om te leer, maar is dankbaar dat hulle hierdie superkrag in aksie kon sien by Mev. Els-Hammann en haar kollegas.

Hoewel die week vinnig verbygevlieg het, was daar verskeie hoogtepunte: groepsessies saam met die kinders van die jeugsorgsentrum, insiggewende afsprake en vergaderings, en ontmoetings met inspirerende maatskaplike werkers en huisouers. Met vol harte en koppe vol herinneringe is hulle terug Potch toe — gereed om hul nuwe wysheid toe te pas en die wêreld te verander.



*Abigail Rediker*



*Marlien Smalberger*


**JANSEN PROKUREURS & EIENDOMME**

Piercestraat 58 • Heilbron • 9650

REGSHULP WAAROP JY KAN STAATMAAK

**Ons bied professionele en toegewyde regsdienste aan in:**

- Boedels & Testamente
- Eiendomme: Verkope, Verhuring & Oordragte
- Familiereg Aangeleenthede
- Kommersiële Aangeleenthede
- Siviele Litigasie
- Skuldinvorderings
- Strafregtelike Sake

JJ EST. 2008 JANSEN PROKUREURS

058 852 2816 / 081 737 4691

E-Pos: lit@jansenprokureurs.co.za

https://jansenprokureurs.wixsite.com/jansen


# Huppel Trippel stap "Down memory lane"

Die onderwerp onder bespreking was: Haarstyle deur die dekades. Dit was heerlik interessant om te hoor en te sien hoe haarstyle vir beide mans en vrouens vanaf 1930 tot die 2000's verander het. Ook om te hoor wat partykeer die motivering agter 'n besondere haarstyl was. Só byvoorbeeld was die 'Victory'-styl hoogmode tydens die Tweede Wêreld-oorlog. Die 50's se 'Ducktail-' en die 60's se Hippie-era het ook hulle eiesoortige haarstyle opgelewer. Nonna Roos het die navorsing en die aanbieding gedoen. Dit gaan sekerlik sorg vir ure se gesels onder die lede. Oor twee weke hou ons 'n lekker Sing-a-long oggend - kompleet met Martie as begeleier en allerhande tuisgemaakte 'musiek-instrumente'. Enige Heilbronner is welkom om te kom saamkuier.



*Op die foto van die lee wat gesellig saam kuier.*





Looking for the perfect office space to grow your business? This well located, professional office space is now available for rental from the 1st of August 2025. The premises is located at 49 Breë Street, Heilbron.

For more information, please contact Phillip van der Merwe and Partners Inc. at 058 852 2041.


Since
YOUR BOILERMAKING SOLUTION
EJ STAINLESS & MILD STEEL SOLUTION
GEREGISTREER BY SABS
JACO SWART:
082 392 9819
jaco@ejsm.co.za
MARTIN SWART:
082 389 7961
martin@ejsm.co.za
EDDIE SWART:
082 449 9113
eddie@ejsm.co.za
Tyd-effektiewe Diens vir die landbousektor
Vervaardiging: VLEKVRY & SAGTE STAAL
• GIF MENGTENKS
• SAADMENGERS
• STATIESE TENKS (304, 316 EN SAGTE STAAL)
• SPIRAAL ROLLER
• STROPER SLUITPARTE
• VERVOERBANDE
• WAENS
• SPUITE
Cnc Plasma Snywerk:
• SAGTE STAAL - SNY TOT 30MM DIKTE
• STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 20MM DIKTE
• BUIG, ROL & GUILLOTINE SNY OOK BESKIKBAAR
www.

2005

**SWL. 8000 KG**

## Herstelwerk:

- AGRI IMPLEMENTE
- ALGEMENE SWEISWERK
- SLEEPWA ONGELUK HERSTELWERK



## Trailers: ONDERDELE & SEILE

triangle BRAKE & CLUTCH

WEWELER

BPW

HENRED FRUEHAUF





## Bearings:

- ALLE TIPE BEARINGS
- RATKASTE
- MOTORS
- SPROCKETS
- LASER SNY VAN AGRI-SPROCKETS



BEARINGS INTERNATIONAL

BMG

## Hidrolies:

- VOLLEDIGE HIDROLIESE SISTEME
- ALLE GROOTTE PYPE
- MULTI-SPIRAL PYPE
- SILINDERS
- MOTORS





## Cnc Laser Snywerk:

- SAGTE STAAL - SNY TOT 20MM DIKTE
- STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 12MM DIKTE
- SNY MET 'N TOLERANSIE VAN ± 0.003 VAN 'N MM





sm.co.za

# SAPD Heilbron Hosts Early Mandela Day Celebration



On Thursday, 10 July, members of the South African Police Service (SAPS) in Heilbron, along with the station commander, held an early Mandela Day celebration by reaching out to their local community.

Their first stop was to visit a remarkable elderly woman, aged over 100 years, to deliver essential groceries and enjoy a warm conversation with her. The officers made sure she felt appreciated and cared for ahead of Mandela Day.

As part of their outreach, the team also spent time in the Phiritona community, engaging with residents and sharing moments of kindness and positivity.

On their way back to the police station, they made a joyful stop at a local pre-school, handing out fresh oranges to help keep the little ones healthy during the winter months, along with a few sweet treats to brighten their day.

Through this early Mandela Day celebration, SAPS Heilbron demonstrated their commitment to making a positive difference in their community, one small act of kindness at a time.

# Heilbron-inwoner wen bromponie in nasionale OK Express-veldtog

’n Landwye promosie deur OK Express, in samewerking met Shoprite/OK-groep, het uitgeloop op ’n gelukkige wenner toe Nthabiseng Mareletsie van Heilbron ’n splinternuwe Suzuki *bromponie* in ontvangs geneem het. Tussen Maart en Mei het kliënte in die hele Suid-Afrika ’n kans gehad om een van tien Suzuki Avenis *bromponie* te wen. Volgens die reëls van die kompetisie kon enige persoon wat by 'n OK Express koop en hulle *Count On*-kaart gebruik het, kon deelneem. Hulle moes wel voldoen aan die vereistes, deur produkte uit ’n spesiale gekose reeks te koop. Deelnemers het outomaties in aanmerking kom vir die prystrekking. Die trekking is rekenaargegenereerd en het duisende inskrywings van oor die hele land ingesluit.

“Ons is baie trots om een van ons plaaslike inwoners as wenner te hê. Hierdie promosie gee ons kliënte regoor Suid-Afrika die kans om waarde terug te kry vir hul ondersteuning,” het die bestuur Pieter Pienaar bestuurder van OK Express in Heilbron gesê. Nthabiseng Mareletsie het haar dankbaarheid uitgespreek. Die oorhandiging van die bromponie het plaasgevind by die OK Express Total in Heilbron, waar personeel en ander kliënte haar gelukgewens het. Die kompetisie het groot belangstelling gelok, en organiseerders sê soortgelyke promosies word in die toekoms beplan.




*Op die foto: Ruan van der Walt (Area bestuurder), Suné Pienaar (bestuurder van Total), Ntsabiseng Marelitsie (wenner), Pieter Pienaar (Bestuurder van OK Express) en Johan van der Merwe.*

Vir enige nuus en advertensies
vir die Heilbron Herald.
Kontak gerus die Heilbron Herald by
058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

# Baie geluk, Herman

## *VKB Rugbyweek*

Herman Groenewald leerling van Hoërdkool Reitz is aangewys as die beste linker vleuel tydens die VKB Rugbyweek.

Hy het die Barbarians met trots verteenwoordig en sy skool se naam hoog gehou op en van die veld af.




UITNODIGING VIR TENDERS OM TE KOOP

Droëland- & Weidingsplaas

DIE PLAAS BERGENDAL 711, Distrik REITZ, Provinsie VRYSTAAT

RESTANT VAN DIE PLAAS WAAGSTUK 455, Distrik REITZ, Provinsie VRYSTAAT

GEDEELTE 1 VAN DIE PLAAS WAAGSTUK 455, Distrik REITZ, Provinsie VRYSTAAT

Geleë in die area tussen Petrus Steyn en Tweeling
Koördinate: 27°37'9.46"S, 28°19'52.88"E

SLUITINGSDATUM: 7 AUGUSTUS 2025 OM 15:00

TENDERDOKUMENTASIE KAN AANGEVRA WORD BY:

058 863 2884
bligwes07@gmail.com

VERDERE NAVRAE KAN GERIG WORD AAN:
THINUS BLIGNAUT - 083 627 0141

BLIGNAUT & WESSELS

bligwes07@gmail.com
058 863 2884/5
BAREL CILLIERSSTRAAT 29, REITZ, 9810




BESIGHEIDSURE
MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30
SATERDAE: 09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006



# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION

In the High Court of South Africa, Free State Division, Bloemfontein.
CASE NO: 5340/2024
In the matter between:

**CELESTE VAN DER MERWE N.O** *First Plaintiff*
**JACO HECKROODT N.O** *Second Plaintiff*
**JACQUELINE WHITLOCK N.O** *Third Plaintiff*
**SCHALK WILLEM JOHANNES VAN DER MERWE N.O** *Fourth Plaintiff*
**FRANCOIS JACOBUS DAFFUE N.O** *Fifth Plaintiff*
(cited in their capacities as the trustees for the time being of the GROENLAAGTE TRUST, IT1604/2000)
and
**JOHANNES JACOBUS DE VRIES** *Defendant*
**ID: 670522 5132 081**

PLEASE TAKE NOTICE THAT the abovementioned Execution Creditor, by means of a judgment obtained in the above honorable Court, intends to sell the below mentioned items in execution on 8 AUGUST 2025 at 10:00 at the offices of the SHERIFF REITZ, 22 DE WET STREET, REITZ, 9810

1. SMITH AND WESSON 9 MM PAR (9X19 MM) HANDGUN SERIAL NO. DSH9059
2. RUGER 12 GA SHOTGUN SERIAL NO. 411/40056
3. RUGER .357 MAGNUM HANDGUN SERIAL NO. 546/08482
4. SMITH AND WESSON 9 MM PAR HANDGUN SERIAL NO. HNV2204
5. HOWA .375 RUGER RIFLE SERIAL NO. B216084
6. NORTH EASTERN ARMS .223 REM SERIAL NO. NEA1511000133
7. RUGER .22 LONG RIFLE SERIAL NO. 0010/45275
8. CHIAPPA .22 LONG RIFLE SERIAL NO. 13F83951
9. MARLIN .45-70 GOVERNMENT RIFLE SERIAL NO. 91814231
10. HOWA 7.62 X 39 MM RIFLE SERIAL NO. B446112
11. HOWA .22-250 REM RIFLE SERIAL NO. B212876
12. RUGER .338 WIN MAG RIFLE SERIAL NO. 786/49783
13. REMINGTON ARMS .300 REM ULTRA MAG SERIAL NO. RR55780A
14. REMINGTON ARMS 7MM RSA UM RIFLE SERIAL NO. G6952909
15. RUGER .416 RIGBY RIFLE SERIAL NO. 711/40657
16. SMITH AND WESSON .22 SHORT RIFLE SERIAL NO. DUW8179
17. TAURUS 410 GNR HANDGUN SERIAL NO. CP776176
18. REMINGTON ARMS 338 REM ULTRA MAG RIFLE SERIAL NO. S6769550
19. GLOCK 380 ACP PISTOL SERIAL NO. GAP250
20. PANZER ARMS 12GA SHOTGUN SERIAL NO. 21/GNZ/00039
21. GLOCK 9MM PAR (9X19 MM) PISTOL SERIAL NO. BHFC266
22. SAIGA 7.62X39 MM RIFLE SERIAL NO. 14409804
23. SAIGA 7.62X51 MM RIFLE SERIAL NO. 19990485
24. NORTH AMERICAN ARMS HANDGUN SERIAL NO. R46168
25. **AMMUNITION:**
   a) 4X S+B 7.65 x 39
   b) .22 LONG x 25
   c) 9X19 9MM S+B x 77
   d) 308 WINCHESTER PMP x 28
   e) 9MM SIG GAUZO HOLLOW POINT x 13
   f) .38 SPECIAL PMP x 32
   g) 12X70 PENETRATOR x 5
   h) REMINGTON 7MM ULTRA MAG x 18
   i) 7.62MM x 11

**CONDITIONS OF SALE:**
1. The rules pertaining to this auction are available 24 hours foregoing the sale at the offices of the Sheriff Reitz,
   22 De Wet Street, Reitz, 9810.
2. Registration as a buyer, subject to certain conditions, is required i.e:
   a) Directions of the CONSUMER PROTECTION ACT 68 of 2008 and RULES of AUCTION (obtainable at URL http://www.info.gov.za/view/DownloadFilerAction?id=99961)
3. FICA legislation in respect of identity and address particulars
4. Payment of registration monies
5. Registration conditions.

Advertising costs at current publication tariffs and sale costs according to court rules will apply.

**FURTHER CONDITIONS**
1. R5 000.00 refundable deposit on registration only EFT, no cash on premises.
2. Copy of Identity document and proof of residence compulsory.
3. Full payment of the purchase price payable immediately at the end of the auction.
4. Sale only to buyers with applicable Competence Certificate (Not Proficiency Certificate)
5. Weapons will only be handed to purchaser after producing a new applicable license and Identity documents, alternatively
6. to an arms dealer with Identity/registration documents and a valid arms dealer license registration document.
7. Failing to obtain and produce a license within 1 (one) year, the sale will be cancelled and the purchase price will be forfeited. The firearm/s will subsequently be surrendered to SAPS for disposal and destruction.

**SHERIFF NOTES:**
The licenses for items 17, 18, & 19 have expired. The licenses for items 20 & 21 were renewed but are not available. The serial number on the weapon (item 16) and on the license differs pertaining to the last digit. The licenses for all the other firearms are in the Sheriff's possession.
Signed at Bloemfontein on 15 July 2025.
**ATTORNEY FOR EXECUTION CREDITOR**
**F J DAFFUE**
**CLAUDE REID INC**
**165 ST ANDREW STREET, BLOEMFONTEIN**
**TEL: 051-4479881 • REF. WS2413**

**NOTICE OF SALE IN EXECUTION OF MOVABLE PROPERTY BY WAY OF PUBLIC AUCTION**
**IN THE MAGISTRATE'S COURT FOR THE DISTRICT OF THABO MOFUTSANYANE (HELD AT REITZ)**
Case No. 50/2023
In the matter between
**KINTO SOUTH AFRICA (PTY) LTD**
Execution Creditor
Reg No: 2022/256006/07
and
**BENJAMIN RHEEDER KRIEK**
Execution Debtor
PURSUANT to a judgment of the Magistrate Court THABO MOFUTSANYANE given on 3 FEBRUARY 2024 the under mentioned goods will be sold at 12:00 on 8 AUGUST 2025 by public auction to be held at the Sheriff's Office, 22 De Wet Street, Reitz, 9810 by the Sheriff for the Magistrates Court, REITZ to the highest bidder for cash.
**1 X BEIGE 2.5 040 TOYOTA HILUX - REG NO: FHT 961 FS**
CONDITIONS:
The movable assets are sold to the highest bidder for cash. The buyer pays VAT where applicable.
ENQUIRIES: THE SHERIFF, REITZ
CELLPHONE: 083 654 7512
Signed at Reitz on the 4th day of June 2025.
**(SGD) ATTORNEY FOR THE EXECUTION CREDITOR**
**RAHMAN & RAHMAN INC REF - MAT666**
**C/O BLIGNAUT AND WESSELS**
**29 SAREL CILLIERS STREET, REITZ, 9810**

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE JOHANNA LOUISA THORNHILL,** Identiteitsnommer: 390829 0038 08 3, in lewe 'n Pensionaris, woonagtig te Huis Sorgvry, Clarkstraat, Reitz, 9810, Weduwee.
**DATUM VAN AFSTERWE: 02 MAART 2025**
**BOEDELNOMMER: 004130/2025**
KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**


# WINKELURE
**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**
Herald Office National
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033



**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!


## BIBLIOTEEK OOP
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus die Heilbron Herald by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za

# SMALLS DIENSTE


## BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com




**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**






HERALD Sport

# Heilbron Posduifklub spog met suksesvolle jongduifresies vanaf Cradock

Op Saterdag, 12 Julie 2025, het die Heilbron Posduifklub weer hul vlerke gesprei tydens 'n jongduifresies vanaf Cradock. Die duiwe is presies om 07:45 die oggend vrygelaat, en die wenduif is reeds om 15:09 in Heilbron aangeteken. In totaal het 89 jong duiwe aan die vlug deelgeneem.

**Die jong duiwe se posisies is as volg:**

1. Peet van Zyl
2. Zenith Lofts
3. Zenith Lofts
4. Peet van ZylL
5. OJS Hokke
6. Zenith Lofts
7. Peet van Zyl
8. Zenith Lofts
9. Cilliers en van Vuuren
10. Zenith Lofts

Die open duiwe van die Heilbron Posduifklub is ook Saterdag 12 Julie gevlieg en is om 08:15 uit Cradock vrygelaat. Die wenduif is om 15:39 in Heilbron ingeklok.

**Die posisies is as volg:**

1. Zenith Lofts
2. OJS Hokke
3. OJS Hokke
4. OJS Hokke
5. OJS Hokke
6. Zenith Lofts
7. Peet van Zyl
8. Zenith Lofts
9. Zenith Lofts
10. Cilliers en van Vuuren

# Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag, 12 Julie het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Colesberg gevlieg. Die duiwe is om 07:30 gelos en die wen duif is om 13:23 op Reitz geklok. Die afstand wat die wen duif gevlieg het was 458 kilometers. 7 lede en 260 duiwe het deelgeneem.

1. Heine Hokke
2. Spartan Pigeons 3
3. Spartan Pigeons 2
4. Spartan Pigeons 3
5. Spartan Pigeons 3
6. Spartan Pigeons 3
7. Heine Hokke
8. Mogenzon Lofts B
9. Morgenzon Lofts A
10. Spartan Pigeons 2

Volgende Saterdag vlieg die duiwe weer vanaf Hanover.



*Op die foto is Sarie en Herkie Swart van Heine Hokke met die wenduif 3226.Dit is Heine Hokke se derde wen vir die seisoen.*


**BONUS HARDWARE**

HARDWARE & BUILDING SUPPLIES

VAKATURE

VOORRAAD KLERK

*Bogenoemde vakature bestaan tans by Bonus Hardeware Heilbron.*

**Posvereistes:**

- Ontvang en beheer van voorraad
- Ontvangsterminaal ondervinding
- Aangename persoonlikheid
- Rekeningkundige agtergrond
- Goeie kommunikasievermoë en klantediens-ingesteldheid

**Aansoeke vir bogenoemde betrekking moet gerig word aan:**
Die Bestuurder, Bonus Hardeware
Breëstraat 31, Heilbron, 9650.
Sluitingsdatum: 20 Julie 2025.


















**BKB**

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 21 JULIE 2025**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

REITZ / LANGSPRUIT VETVEE veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**DINSDAG - 22 JULIE 2025**

KLERKSDORP Twee-weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

MORGENZON: MILESTONE BEEFMASTERS
13de Produksieveiling
11:00, plaas Uitkyk
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

**WOENSDAG - 23 JULIE 2025**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

CLOCOLAN Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VREDE: DEALE BOVELDERS PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Madeira
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

**DONDERDAG - 24 JULIE 2025**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

BRANDFORT: NELLO DOHNE MERINO STOET
24ste Produksieveiling
11:00, plaas Ofra
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

BETHLEHEM: JANMARCK BEEFMASTERS
8ste Produksieveiling
11:00, plaas Stirling
Kontak Douw van Wyk 083 458 7353

**VRYDAG - 25 JULIE 2025**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

FRANKFORT: ANDREW JORDAAN & SEUNS PRODUKSIEVEILING
11:00 Gholfklub
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

**SATERDAG - 26 JULIE 2025**

PRETORIA: LAMB CHAMPS
Vetlam veiling
Loftus Versveld stadion
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za